Bedryfsliggaam sal tee-mark vergroot

NELLIE BRAND

'n GROTER markaandeel vir rooibos in die internasionale teemark kan in die vooruitsig gestel word met die stigting van 'n liggaam wat dié bedryf vir die eerste keer in meer as tien jaar sal verteenwoordig.

Die generiese bemarking van rooibos sal onder meer deur dié bedryfsliggaam bevorder word.

Die stigting van só liggaam word volgende Woensdag op 'n inligtingsvergadering op Clanwilliam bespreek.

Almal betrokke in die bedryf, van produsente – insluitende opkomende boere – tot verwerkers en bemarkers sal verteenwoordig word.

Me. Soekie Snyman, sameroeper van die loodskomitee, het gesê 'n leemte vir 'n bedryfsliggaam is verlede jaar in 'n ondersoek geïdentifiseer wat vir die departement van handel en nywerheid uitgevoer is. Die loodskomitee is November op 'n bedryfsvergadering verkies.

Sedert die afskaffing van landboubeheerrade in die vroeë negentigs – soos ook die Rooibostee-Beheerraad, wat die bemarking van die tee behartig en gehalte beheer het – was die bedryf sonder 'n spreekbuis en verteenwoordigende liggaam.

Snyman het gesê die liggaam sal ook marktoegang bevorder.

"Die bedryf het nooit regtig saamgestaan nie en elke speler het sy eie ding gedoen," het sy gesê. Sy meen nou kan daar gesamentlik gefokus word op die bou van 'n florerende bedryf tot voordeel van almal.

Volgens Snyman is die afgelope paar maande kers opgesteek by ander bedryfsverenigings plaaslik en ook by nisbedrywe, soos Australië se suksesvolle teeboomvereniging. "Ons wou kyk wat werk vir ander bedrywe, sodat dit nie nodig was om die wiel te herontwerp nie," het sy gesê.

Volgens haar is die loodskomitee nou reg om 'n voorlegging aan die bedryf te maak om almal se deelname te kry.

Die loodskomitee gaan aanbeveel dat 'n maatskappy sonder winsoogmerk vir dié doel geskep word, onder meer omdat makliker toegang tot die regering se hulpskemas gekry word en dit 'n meer amptelike struktuur skep as 'n vereniging.

Sy het gesê fokusgebiede sal insluit navorsing oor die produk, produksiebeplanning en inligtingstelsels, generiese bemarking, transformasie, kapasiteitsbevordering en tegnologie-oordrag asook volhoubare befondsing.

Volgens Snyman sal verdere navorsing bevorder word.

"Daar kan byvoorbeeld nog baie werk oor die gesondheidseienskappe van rooibos gedoen word."

Sy het gesê generiese bemarking sal bewustheid oor rooibos en sy unieke eienskappe skep.

Beter produksiebeplanning en inligtingstelsels is ook iets waarby die hele bedryf kan baat vind.

"Die stigting van 'n verteenwoordigende liggaam was 'n leemte wat die meeste mense wat in die vraelys ingesluit is, gevra het," het Snyman gesê.

Mnr. Martin Bergh, besturende direkteur van Rooibos Beperk, die grootste speler in die bedryf, meen ook die liggaam sal beter koördinasie tussen die rolspelers bewerkstellig.

Die verslag deur die departement is aangevra van bedrywe met goeie groeipotensiaal, en het heuningbostee ook ingesluit. Daar is in die verslag gekyk na die potensiaal, die stand van bemagtiging en uitvoerpotensiaal.